HOËRSKOOL
WATERKLOOF

# KLOFIEKAN

www.klofies.co.za | klofies@klofies.co.za
UITGAWE 2 | 2023

Wenners van Beste nuusfoto en Beste spotprent in Nasionale Netwerk24-skoolkoerantkompetisie 2022

# Kloof dans tot by Oz

Michaela Smith en Claudia van Wyk



- Fotograaf: LilyRose Photographic Studio -

Met die onlangse uitvoering van *Oz*, het Waterkloof se Dansakademie weereens gewys waarom húl skouspel die hoogtepunt op Pretoria se jaarlikse danskalender is. Die storie van die *Wizard of Oz* is deur ongeveer 50 Klofie-dansers by die Staatsteater op die planke gebring – 'n kragtoer van dissipline, talent en bloedsweet.

*Oz* het beïndruk vanaf die eerste dans, waarin al die dansers op die verhoog verskyn tot by die laaste, *Rise*, waar Dorothy letterlik in 'n warmlugballon opvaar. In *Somewhere over the rainbow*, vertoon

## "Dans is in ons bloed!"


al Kloof se jongste dansers hul talente in kleurvolle kostuums. Die *sad scarecrow* en die swart kraaie se eksentrieke opvoering met unieke kostuums was in groot kontras daarmee. Dit was weereens 'n bewys dat Kloof se dansers enige dansstyl kan bemeester.

Getrou aan die oorspronklike storie, gaan Dorothy (Megan Geyer) op 'n magiese dansreis na die *Emerald City* waar sy die hartseer voëlverskrikker (Juli Joubert), die hartelose *Tinman* (Michaela Smith) en die lafhartige leeu (Tamia Stanczyk) ontmoet. In hierdie betowerende wêreld van *Oz* ontmoet hulle eienaardige karakters en wesens en besef hulle dat Dorothy die *Wicked Witch of the West* (Joslin Barnard) moet verslaan om weer by haar huis en familie uit te kom.


Die *hiphop*-danse, wat meestal deur die *Wicked Witch of the West* en die *Queens of the Flying Monkeys* (Mieke Muller en Carla Smit) uitgevoer is, het 'n skrille kontras gevorm teen die klassieke ballet.

Die herinneringe aan die laaste dans met almal op die verhoog met *Rise*, deur Calum Scott, en die finalé op *Never not gonna dance again* sal nog lank deur die dansers gekoester word.

"Die spesiale band tussen al ons dansers was vir my 'n hoogtepunt," sê een van die dansers. "Dit is ongelooflik lekker om jou passie op die verhoog te kan uitleef. Dit maak al die harde werk, ure en opofferings die moeite werd. Dans is in ons bloed!" Die dansakademie is duidelik 'n familie en 'n hawe, 'n veilige plek waar die dansers hulself kan wees.




**Ons groet juf. Boswel** - bl.4
- Miracles Photography -



**Amfiteater** - bl.6
- Fotograaf: Retha Hofmeyr -



**Kaalvoetoggend** - bl.12
- Fotograaf: Vivienne Pio -



**Kloof-rugby** - bl.16
- Fotograaf: Tanica Stroebel -

# Redakteursbrief

"Ek kyk op na die berge, waar sal my hulp vandaan kom? My hulp kom van die bouheer van die berge." Psalm 121:1

Vir baie van ons het hierdie kwartaal soos 'n berg voor ons gelê. Daar was baie dinge wat moes gebeur, en so het daar ook. Baie keer dink 'n mens jy ken die pad wat jy gaan stap, net vir die grond om onder jou voete te skuif.

Hierdie kwartaal het ek voetpaadjies gevat wat 'n mens nuut na die dinge in jou lewe laat kyk, of dit nou is om ons hekwagte beter te leer ken, nuwe respek vir die sportleerders te kry of om te erken dat die juniors partykeer snaaks kan wees. Wanneer jy die minste in beheer voel, is dit die geleentheid om alle beheer aan Hom oor te gee. Jou menslike voete is nie sterk genoeg om hierdie berge alleen te klim nie.

Dankie Kloof, dat julle altyd bereid is om op te daag wanneer dit saakmaak - vir 'n vriend wat die pad byster geraak het of om die rugby, die naweek voor 'n toets, te ondersteun.

Dit is vir ons as redaksie heerlik om te sien watter nonsens julle altyd aanvang. Julle is BAIE interessant. En wees rustig grootseun, die eksamen is nou verby. Ek belowe jou die wêreld sal nog aanhou draai selfs al sien jou ma jou rapport.

Jy het dit gedoen! Hierdie berg is geklim … geniet nou 'n bietjie die uitsig.




## REDAKSIE

**Graad 12**
Juan de Wet
Arnold Dippenaar
Handro Myburg
Vivienne Pio
Lyné Steyn (Adjunkredakteur)
Anica Ueckermann
Lillian van Staden

**Graad 11**
Mia Appelcryn
Lize Erasmus (Adjunkredakteur)
Laureanne Geertsema
Nandi Gous (Redakteur)
Casey Robertson
Michaela Smith
Jani Strydom
Kayla Strydom
Suné van der Merwe
Mia van der Walt

**Graad 10**
Marni Botha
Je-Miné de la Rey
Nicolas du Plooy
Anja Maranta
Miné Naudé
Krige Steyn
Dieter Stehle
Claudia van Wyk

**Graad 9**
Kayla Borstlap

**Onderwysers**
Retha Hofmeyr
Leandré Eksteen
Janneke Vahrmeijer
Gareth Harris
Maryke Fourie
Annuska Pretorius

**Uitleg**
Marlette Krüger

## WENNER!



*Baie geluk aan Vicky de Graaff in gr. 12 wat die gelukkige wenner van die kontantprys vir die woordspeletjie in die uitgawe 1/2023 is. Indien jy R500 kontant wil wen, blaai na bladsy 14 vir die volgende uitdaging!*
*- Fotograaf: Miracles Photography -*



*Redaksie 2023*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

# Laat jou stem tel

### *Sportsluitkassies*

**Casey Robertson**

**Is sportsluitkassies slegs vir sportleerders? Dit is die vraag op almal se lippe, wat aansluit by die eeuoue vete tussen sport, kultuur en akademie.**

**Die volgende terugvoer is ontvang:**

- *Ek dink enigiemand wat vir 'n sportsluitkassie betaal, is geregtig op een, ongeag of jy sport beoefen of nie. Ek deel so 'n sluitkassie met my vriendinne en dit is baie gerieflik. Ek voel dat die skool meer sluitkassies beskikbaar moet stel, veral vir sportsoorte soos hokkie en tennis.*
**Natalie Roos (graad 11)**

- *Ek voel die sportsluitkassies moet gereserveer word vir sportleerders en as daar sluitkassies oorbly, kan ander leerders daarvan gebruik maak, aangesien die skool nou baie strenger is oor sakke wat veilig gebêre moet word. Daar is nie genoeg sluitkassies, as jy in ag neem hoeveel leerders sport beoefen en spasie nodig het om hulle sakke te bêre nie.*
**Julia Volschenk (graad 12)**

- *Ek dink dat die sportsluitkassies slegs vir leerders is wat sporttoerusting moet ronddra. Leerders wat nie sport beoefen nie, kan met 'n baie kleiner sluitkassie klaarkom.*
**juf. Lorita van der Westhuizen**

- *Nee, waar anders sal ek al my goed wegsteek? My boeke, mini-snoepie en tissues … dit is nie net 'n sportding nie, dit is vir almal.*
**Jack Brevis (graad 9)**

- *Ek glo dat die sportsluitkassies vir enigiemand is om te gebruik, omdat dit meer spasie bied en maklik bereikbaar vir almal is.*
**Keaan Kempen (graad 10)**

- *Nee, die sportsluitkassies hoef nie net vir sportleerders te wees nie, party leerders doen kultuur en moet 'n viool of 'n fluit gaan bêre. Dit moet BIG lockers genoem word!*
**Megan Venter (graad 8)**

### *Lewensoriëntering*

**Anja Maranta**

**Dit is seweuur die oggend en jy is skaars wakker. Jou koue hande is diep in jou sweetpak se sakke gedruk en jy staan op die rugbyveld, reg om 'n kilometer te hardloop - vir die twintigste keer die jaar. Is dit nodig om elke liewe kwartaal vir LO-sport te hardloop? Daar is vir die Klofies gevra hoe hulle oor die saak voel en watter alternatief hulle voorstel:**

**Die volgende terugvoer is ontvang:**

- *Ek haat dit, spesifiek omdat ek 'n longprobleem het. Hulle forseer jou om 'n kilometer te hardloop en dan moet jy vir 17 minute sit en jou asem probeer terugkry. Ek sal eerder wil dans.*
**Xavier Jooste (graad 8)**

- *Ek voel dit is onoorspronklik. As ons dit elke kwartaal doen, met geen ander oefening tussenin nie, sal ons nie fikser word nie. Ons moet meer verskeidenheid hê, enige oefeninge wat nie hardloop is nie.*
**Ané Kasselman (graad 9)**

- *Ag, dis nie te sleg nie, dit help 'n bietjie met die fiksheid en hou ons gesond, maar ek sal ook daarvan hou om rugby te speel.*
**Krynauw Marais (graad 10)**

- *Ek voel asof ek gaan omtiep as ek dit hoor! Hoe kan hulle van my verwag om 'n kilometer te hardloop? Ek sal teen die einde dood wees. Ek dink hulle moet die Kuns-leerders 'n bisep laat teken, dit is goed genoeg.*
**Nadia Olivier (graad 10)**

- *Ek voel daar is ander maniere om die komponente van fiksheid te toets. Ek wat sklerose het, mag nie hardloop nie. Om 'n kilometer te moet hardloop, is nie 'n goeie idee nie, want party mense trek voordeel daaruit a.g.v. hulle genetiese samestelling.*
**Mia du Toit (graad 11)**

### *Moet die skool in die winter later begin?*

**Mia van der Walt**

**Elke winter sien ons dieselfde prentjie: meisies wat bibber van die koue en hardloop van sonkolletjie na sonkolletjie, seuns wat almal kortbroeke dra al sneeu dit en die hele skool wat lyk asof hulle kon doen met 'n ekstra uur se slaap om te ontdooi. Dink die Klofies dat die skool in die winter later moet begin?**

**Die volgende terugvoer is ontvang:**

- *Ja, want ons kan dan makliker agterkom hoe koud dit gaan wees voor ons skool toe ry. Ons het ook meer tyd om warmer klere aan te trek en warm te word sodat ons nie by die skool koud kry nie. As die skool nie later kan begin nie, kan daar dalk ander opsies oorweeg word soos om sommige klasse in die oggende vir die van ons wat vroeg kom, oop te sluit.*
**Phillip Vorster (graad 8)**

- *Ja, omdat dit soggens vreeslik koud is en dit warmer word hoe later dit word. Ek wil ook in die winter laat slaap, want ek wil in my warm bed bly.*
**Ghita Schoeman (graad 9)**

- *Ja, want dit is baie koud so vroeg in die oggend en as daar beurtkrag is, is dit pikdonker en moeilik om klaar te maak vir families wat nie kragopwekkers of sonpanele het nie.*
**Danè Labuschagne (graad 10)**

- *Ja, want ons konsentrasievlakke is nie soggens baie goed nie. Daar is baie van ons wat voor skool ekstra klas of ander aktiwiteite het, en as die skool later begin, sal die aktiwiteite ook later begin en verhoed dat ons in die koue en donkerte by die skool aankom.*
**Nicola Wagner (graad 11)**

- *Ja , want niemand wil al seweuur in die koue by die skool wees nie en dan nog op 'n Maandag en Vrydag vierkant hê, waar jy jouself doodvries nie. Ek dink regtig die skool moet 'n bietjie later begin.*
**Hanro Wasserman (graad 12)**

Hoërskool Waterkloof

# Rian van Heerden: van topredenaar tot bekende TV- en radioster

Casey Robertson

Rian van Heerden is 'n beroemde radio-omroeper, TV-aanbieder, produksievervaardiger en regisseur. Hy is veral bekend vir sy kykNET-televisiereeks, *Die Real Housewives of Pretoria*, *Tarzan van George* en *Wie word 'n Miljoenêr?*. Boonop het hy ook 'n honneursgraad in Sielkunde verwerf. Rian is 'n diereliefhebber en spog met twee DBV-katte: Kieter en Vincent.

**Watter doelwitte wil jy nog in jou loopbaan bereik?**

Ek wil beslis weer 'n radioprogram aanbied, waar ek baie vryheid het. As daardie geleentheid opduik, sal ek dit met ope arms verwelkom.

**Wie was jou gunstelingonderwyser?**

Die Geskiedenis-onderwyseres, juf. Ruda Kleynhans, was beslis my gunsteling en ek het steeds kontak met haar.

**Watter boereraat vanaf 'n luisteraar op jou radioprogram, het jou geskok?**

Dit was verskriklik en grusaam. Daar was wel een wat uitgestaan het. Dit was oor hoe om van kinkhoes ontslae te raak. Die boereraat: jy moet 'n oorgewig hondjie om 'n wasgoedlyn jaag en dan moet jy 'n eetlepel van sy kwyl drink.

**As 'n oudredenaar van Hoërskool Waterkloof, wat is jóú raad aan Kloof se redenaars?**

Elke persoon in die gehoor moet voel dat jy persoonlik met hom/haar praat. Dit is veral belangrik in die radiobedryf. As jy oogkontak maak, sal jy die gehoor se aandag vir die res van die toespraak behou. Vat hulle op 'n reis en vertel 'n storie waarmee die gehoor hulle kan vereenselwig.

**Hoe het jy reageer op die negatiewe kommentaar wat jy van die publiek ontvang het?**

Dit was in *Beeld*, tydens 'n onderhoud wat ek (op 18-jarige ouderdom) met FW de Klerk gevoer het. Die mense het gesê dat ek arrogant is en geen respek aan die Staatspresident betoon nie. Ek kon nie glo dat ek die koerant gehaal het nie en ek was baie beïndruk met myself. Die klagte het my glad nie gepla nie.

**Wat is jou opinie oor kinders wat net gesien en nie gehoor mag word nie?**

Ek het daarmee grootgeword en ek dink dit is nonsens. Die eerste ding wat jy geleer moet word, is om seker te maak jy spreek jou opinie uit. 'n Opinie moet wel gebaseer word op feite en navorsing. Die toekoms behoort aan kinders en die wêreld wil weet wat jy dink, solank jy dit kan regverdig. As jy nie 'n opinie het nie, het jy niks nie.

**Wat het vandag se jeug om aan Suid-Afrika te bied?**

Alles. Ons land is nog jonk en so te sê 'n tiener. Wie sal beter weet hoe om 'n tiener te hanteer as 'n tiener self? Dit dien geen doel om na 'n ander land te verhuis nie, want jy sal altyd 'n vreemdeling daar bly. Ons almal hoort net hier en die jeug het die krag om ons land positief te verander.

> ***"Do what you can with what you've got, where you are. Dare to be great."***

**Sou jy jouself destyds as 'n radio-omroeper aanstel ?**

Nee, ek dink nie ek was toe al daarvoor gereed nie. Ek het uitgegaan om mense te skok, maar later grootgeword en besef dat eerlikheid ook dieselfde effek het. Ek het soms die media gebel en vertel wat ek gesê het, net om mense se aandag te trek.

**Wat is jou lewensmotto?**

*Do what you can with what you've got, where you are. Dare to be great.*

**Wat dink jy van die vooropgestelde idees wat mense van jou het, al ken hulle jou nie?**

Almal kan nie altyd van jou hou nie, veral nie op die radio nie. As almal van jou hou, doen jy iets verkeerd.

**Watter opmerking, vanaf die publiek, het jou die diepste geskend?**

Dit gaan nooit oor my nie, want ek voel niemand kan my beledig nie. Verlede jaar was ek in 'n debat betrokke wat persoonlik geraak het. My kat, Max, is deur 'n motor omgery terwyl ek in Amerika was. Dit was vir my baie traumaties.

Ek was baie lief vir hom en toe hy dood is, het iemand gesê dat dit my verdiende loon was en dat dit my skuld was. Dit het my dieper geraak as enigiets ooit tevore.

**Wat het jou moed gegee om steeds, ten spyte van al die kritiek, aan te hou?**

Ek het altyd vir myself gesê as daar ten minste een persoon is wat hou van wat ek doen, dan sal ek net vir daardie een luisteraar op die program bly.

**Hoe het jou loopbaan al jou lewe in gevaar gestel?**

Ek het een aand in my woonstel gesit en iemand het my gebel en gesê dat hy weet waar ek woon en dat ek versigtig moet wees wat ek sê. Die radiostasie waarby ek destyds gewerk het, het 'n bomdreigement ontvang. Ek dink as iemand ons wel skade wou berokken, sou hulle nie vooraf gewaarsku het nie. Dit het my nie veel gepla nie.

**Hoe sal jy jou kort loopbaan as akteur beskryf?**

Rampspoedig; ek kon nooit my woorde onthou nie en ek is eers weer aangestel toe ek 'n snor gegroei het en niemand my herken het nie. Daarna het ek nooit weer woorde gehad om te sê nie.

**Wat is jou gunstelingpeuselhappie?**

*Yum Yum*-grondboontjiebotter.

**Is humor altyd die beste manier om ernstige situasies te ontlont?**

Humor is baie handig. As jy dit op die regte tye gebruik, kan jy berge verskuif. Jy moet net baie bewus wees van jou gehoor en wat hulle wil hoor.

**Wat is die belangrikste lewensles wat jy geleer het?**

Tel jou woorde.



*Rian van Heerden en Casey Robertson*
- Foto verskaf -

## SPOTPRENT

Kunstenaar: Suné van der Merwe




# Het jy gehoor?

Nandi Gous

As jy jou ore spits, sal jy verbaas wees oor wat jy alles in Kloof se klasse en gange hoor.

"Almal dink die slim mense het Wetenskap; eintlik is die slim mense dié wat nie Wetenskap het nie."

"Seuns se hare moet twee sentimeter bokant hulle wenkbroue wees, maar my voorkop is net twee sentimeter lank..."

"Juffrou, wat is die meervoud van drie? Ses?"

"My aftershave is op, so ek gebruik *sanitiser*."

"Ek kan letterlik voel hoe die karakterontwikkeling in my plaasvind."

"Sport hou my nie nederig nie, ek hou sport nederig."

"En ek dog koudkry is net vir maer mense."

"Het jy geleer? Ja, ek het deur die afbakening gelees"

"Die toets was so maklik. Ek is bly ek het nie geleer nie, anders sou ek vies wees omdat ek my tyd gemors het."

Kind een: "Gaan jy vanmiddag rugbyoefening toe?" Kind twee: "Nee, ek kry genoeg oefening deur na my ma se kar toe te loop; sy parkeer so ver, dis amper op die snelweg."

Kind een: "My bene kan dit nie meer hou nie, daar is te veel trappe…" Kind twee: "Die skool bou so lekker, hulle moet 'n hysbak bou."

"My hond tel elke week 'n kilogram op." "Ek ook."

"Ek het gesien hoe mnr. Harris sy hare kam ... dit het die *magic* weggevat."

"My siel is dood, so my hare moet persoonlikheid hê."

"My gunstelinggenre van grappies is gemmergrappies."

## Ons groet:

# Vrou van Liefde, Geloof en Wiskunde: juf. Chrisna Boswel

**Juan de Wet**

Van wiskundige tot alledaagse probleme … hierdie ongelooflike vrou het 'n oplossing vir alles. Met net minder as 40 jaar van onderwyservaring agter die rug, waarvan meer as 30 jaar by Hoërskool Waterkloof, het juf. Chrisna Boswel besluit om af te tree.

Sy het haar pad by Hoërskool Tuine begin, maar het na agt jaar die (regte) skuif Kloof toe gemaak. Toe sy begin skoolhou het, het sy Wiskunde gekies omdat sy dit geniet. Dit het egter veel meer pret geraak toe sy agterkom dat leerders en Wiskunde selde bymekaar pas. Sy het dit geniet om haar passie te deel en te sien hoe haar leerders net aanhou presteer. Een van haar leerders, Daniël Marais, het 'n 100%-Wiskundegemiddeld aan die einde van sy graad 11- en 12-jaar behaal. As sy na haar jare by Kloof terugkyk, staan 1992 se rugby uit. Sy onthou hoe Kloof in daardie jaar die Direkteurstrofee gewen het. Verder is sy trots daarop dat Kloof in 2007 as die beste Wiskundeskool in Suid-Afrika aangewys is. Haar kollegas sal haar ook onthou as die Wiskundedepartementshoof wat een ferm hand op die vak gehou het, maar met 'n tweede hand na elkeen van hulle harte uitgereik het. Die Wiskundeonderwysers het dit geniet om metodes, om somme op te los, met haar uit te ruil. Almal is dit eens dat sy oor ongelooflike vakkennis beskik. Sy is 'n ware kind van God en altyd bereid om, met haar omgeehart en sagte stem, te help. Juf. Chrisna was ook vir etlike jare by die eksamenorganisasie van die skool betrokke en te danke aan haar het honderde, nee, duisende Klofies hulle eksamens sonder enige haakplekke afgelê. Sy is beslis baie meer as net 'n Wiskundeonderwyseres; sy is 'n rolmodel, 'n mentor en 'n groot inspirasie.



*Juf. Chrisna Boswel*
*- Miracles Photography -*

**Wat gaan Juffrou doen noudat Juffrou aftree?**
Ek sou so graag hierdie reis saam met my man wou aanpak, maar gaan tog met genade betrokke wees by die besigheid wat hy oor jare opgebou het. Ek wil ook graag kwaliteittyd met my kleinkind, kinders en die mense in my lewe deurbring. Ek is lief vir Afrika en veral vir die wildtuine en sien daarna uit om daar besoek af te lê.

**As Juffrou nou met Juffrou se jonger weergawe kan praat, wat sal Juffrou vir die jong juf. Boswel sê?**
Ek sal haar aanbeveel om van die begin af geen skoolwerk op Sondae te doen nie. Ses dae per week is genoeg as jy jou tyd benut en dan is daar elke Sondag tyd vir kerk, jou mense en rus!

**Watter raad sal Juffrou graag vir die Klofies wil gee?**
Ek wil so graag hê dat elke Klofie kies om met Jesus te wandel. Wees verder dankbaar, handhaaf 'n gesonde, verantwoordelike werksetiek en bederf jouself ook met aktiwiteite wat jou gelukkig maak en vir jou goed is.

Juf. Boswel is 'n legende wat baie diep spore hier by Hoërskool Waterkloof getrap het. Die personeel en die leerders sal haar insette en omgee beslis mis.

# Cute Couple

**Kayla Borstlap**

Dit is 'n koel lenteaand … Die Smulfees en oom Frank se koffie is sinoniem met 'n wenresep vir LIEFDE! Drie jaar gelede is dit op dié presiese plek waar Carina, Ruben se oog gevang het en vandag blom die liefde steeds voort. Dié modelpaartjie is dit eens dat hulle die mooi in mekaar raaksien en absoluut niks aan mekaar wil verander nie.

**Wat was sover julle lekkerste *date*?**
**Carina:** Beslis die eerste keer toe ons gaan ysskaats het. Ons het kort-kort geval, maar vinnig geleer hoe om 'n stokkie daarvoor te steek deur mekaar te stut.

**Ruben:** Die eerste keer wat ons *brownies* gebak het. Ons het die deeg as *war paint* aan mekaar se gesigte gesmeer.

**Het julle troetelname vir mekaar?**
Carina se troetelnaam is Pandatjie.
Ruben se troetelnaam is Koalatjie.

Van die eerste dag af wat hulle begin gesels het, het Ruben vir Carina 'n panda-*emoji* gestuur. Eendag het Carina besluit om met 'n koala-*emoji* te reageer. So is die twee se troetelname vir mekaar gebore en dit het gebly.

**Wat was jou eerste indruk van Ruben?**
**Carina:** Hy is 'n baie mooi ou!
**Ruben:** Sjoe, haar saggeaardheid het my onmiddellik opgeval.

**Glo jy in liefde met die eerste oogopslag?**
**Carina:** Nee, ek glo liefde is 'n avontuur wat met die verloop van tyd ontwikkel.
**Ruben:** Ja, die dag toe ons begin gesels het, het daar dadelik iets meer in my gebrand. 'n Gevoel wat Carina bo die res van die meisies uitgesonder het.

**Wat is julle toekomsplanne?**
Studentwees by Tuks wink vir beide in 2024.


**Watter liedjie beskryf julle liefdesverhaal die beste?**
*Bones - Galantis (ft. OneRepublic).*

**Wat beteken liefde vir jou?**
**Carina:** Dit is 'n gawe van God wat jy met 'n spesiale persoon kan deel.
**Ruben:** 'n Godgegewe beste vriendin.

**Is daar in julle verhouding plek vir 'n beste vriend of vriendin?**
Beslis nie. Beide Ruben en Carina is dit eens dat daardie rol in 'n verhouding nie deur iemand anders vervul kan word nie.

**Het julle enige raad aan jong verliefdes?**
**Carina:** In 'n verhouding moet beide partye ewe veel liefde, omgee, ondersteuning en vertroue ontvang. Dit verg 100% toewyding van beide kante, en is nie net 'n 50-50% gee-en-neem-situasie nie.
**Ruben:** Bou julle liefde met God as ankerpunt. Liefde in God is wat liefde vervullend maak.

**As julle enigiets vir mekaar kan koop, wat sal dit wees?**
**Carina:** 'n Volkswagen Kombi *Camper* vir Ruben.
**Ruben:** 'n *Blue Roan*-perd, die perderas waarop Carina vir die eerste keer leer perdry het.




*Ruben Strydom & Carina Geldenhuys*
*- Foto verskaf -*

## KLOFIE-PERSOONLIKHEID

# Fantasmagoriese Fralize

**Krige Steyn**

Sy is nie een om van 'n uitdaging weg te skram nie. Sy pronk met haar swart rokkie en rooi lippe, deel van die *Real Housewives* van Waterkloof. Sy vul haar mede-Klofies se paaie met gees en is ook Huis Kloofsig se hoofdogter … Sy is die een en enigste Fralize van der Hoven!

**Met watter film sal jy jou persoonlikheid vergelyk?**
*Grown Ups*, want dit is 'n klomp grootmense wat hulself soos kinders gedra.

**Wat beteken dit vir jou om hoofdogter van Huis Kloofsig te wees?**
Dit beteken vir my alles. Ek het van graad 8 af daarvan gedroom en dit is vir my so lekker om te sien hoe die koshuis vanaf 2019 verander het. Jy sal nie maklik iemand kry wat trotser en liewer vir die koshuis is as ek nie.


**Wat is jou raad aan die volgende koshuishoofdogter?**
Luister vir almal. Baie mense kan vir jou op vreemde maniere baie waardevolle goed leer of jou help. Al wat jy moet doen, is om te luister.

**Waar is die beste plek in die skool om te bank?**
Sonder enige twyfel, juf. Ulinda Human se klas.

**Wat is jou lewensleuse?**
Wat nie doodmaak nie, maak jou snaaks.

**Wat is jou grootste verleentheid?**
Gewoonlik pla goed my nie sommer nie, maar ek het 'n ruk gelede per ongeluk 'n meisie met 'n sokkerbal raakgeskop. Dit was 'n redelike verleentheid.

**As jy na enige sanggroep kan gaan kyk, wie sal dit wees?**
*WALK THE MOON.*



*Fralize van der Hoven*
*- Foto verskaf -*

**Wat is jou grootste frustrasie?**
Iemand wat nie 'n grap kan vat nie.

**As watter *Real Housewife* van Pretoria sien jy jouself?**
Kiki, want ek dink ook ek kan *rap*.

**Wat op tannie Ciska se spyskaart, is jou gunsteling?**
Die kerrie en rys, met 'n bietjie klapper en blatjang.

# Die jeug sal Suid-Afrika red

**Lize Erasmus**

Die Klofies se eie Nandi Gous, is onlangs as die junior onderburgemeester van die Junior Stadsraad van Pretoria vir die termyn 2023 - 2024 ingehuldig. Gelukkig kon sy 'n tydjie in haar besige skedule afknyp om 'n paar vrae te beantwoord om haar visie en missie met ons te deel.

**Hoe gaan 'n mens te werk om tot die Junior Stadsraad verkies te word?**

In graad 10 nooi die skool enige iemand uit om aansoek te doen en vir 'n onderhoud te gaan.

**Verduidelik die verkiesingsproses tot die junior onderburgemeester.**

Die Junior Stadsraad hou 'n verkiesing vir die nuwe termyn. Elke kandidaat kry die geleentheid om sy/haar beleid vir die volgende jaar in 'n toespraak te lewer. Natuurlik word 'n mens ook dopgehou tydens jou vorige termyn om te sien of jy werklik iemand is wat jou hart en siel in die werk insit.

**Watter verskil sal jy graag as die onderburgemeester wil maak?**

Ons wil hande vat met die jeug van Pretoria om verby skoolklere, velkleur en kultuurverskille te kyk. Onlangse navorsing wys dat slegs 20% van graad 4's in Suid-Afrika met begrip kan lees. Daarom wil ons graag op projekte fokus wat lees in ons skole ondersteun. Ons wil ook daarop fokus om skryfbehoeftes aan minderbevoorregte skole te voorsien.

**Watter boodskap wil jy graag aan die jeug van Pretoria oordra?**

Die gras lyk baie groener aan die anderkant, maar buiten die natuurskoon glo ek dat ons grootste rykdom ons mense is, alle kulture en rasse. As ons verby die verskille kan kyk en die beste deel van elkeen neem, het ons iets waarvan die wêreld kan leer. Ek glo dat die meeste Suid-Afrikaners liefde en begrip vir mekaar het. Daar is hoop vir Suid-Afrika solank as wat die mense daarvoor veg. Met harde werk kan 'n mens werklik enige iets doen, jy moet dit net graag genoeg wil hê.

**Waarin glo jy lê die krag van die jeug?**

Ek glo die krag van ons jeug lê in die feit dat ons nie die probleme van ons ouers hoef te dra nie. Daar is nog baie haat en wantroue in ons land, maar ons generasie sien mense vir wie hulle aan die binnekant is en ek glo elke persoon verdien respek. Al die probleme waarmee ons grootgeword het, het ons aanpasbaar gemaak. Ons is probleemoplossers en ons kan aanpas.

**Wie is jou rolmodel?**

My ouers. Hulle het my en my sussies grootgemaak om dinge te bevraagteken en vir onsself te dink. Hulle hanteer situasies met soveel wysheid. Hulle het my geleer dat jy baie kan bereik deur in jouself te glo, maar steeds nederig te bly.

**Wat is jou toekomsdrome?**

Ek wil graag Fisika gaan studeer, want die wetenskap is my passie. In enige iets wat ek doen, wil ek God se plan vir my lewe uitleef en die talente wat Hy vir my gegee het, gebruik om die land 'n gesonder plek te maak.

Daar is geen twyfel dat Nandi 'n groot sukses van haar ampstermyn gaan maak nie. Kloof is trots op jou, Nandi!



*Nandi Gous*
*- Foto: verskaf -*

## Met grysheid kom wysheid: Vinkel en Koljander: die een meneer lyk soos die ander

**Vivienne Pio**

Toe mnr. Wikus Smit verlede jaar by Kloof aansluit, het die Klofies vinnig besef dat mnr. Juan Nagel 'n moontlike tweeling het. Die matrieks het mnr. Wikus as "mnr. Magel" (*Mock-Nagel*) gedoop. Ons weet dat beide menere ewe grys is, maar is hulle ewe wys? Lees die onderstaande onderhoud en gebruik dan die QR-kode om vir die wysste man te stem.

**Wat beteken geluk en hoe vind ons dit?**

**Mnr. Nagel:** Ander mense is gelukkig as gevolg van my optredes, 'n mens vind dit deur niemand te na te kom nie.

**Mnr. Magel:** Geluk is wat jy dit maak. Vind jou geluk deur te verken en wanneer jy besef wat jou gelukkig maak, hou daarby en moenie toelaat dat dit vir jou bederf word nie.

**As Meneer 'n nuwe vakansiedag kan instel, wat sal dit genoem word en wie sal dit vier?**

**Mnr. Nagel:** Die *Silly Season Stress Relief*-dag. Dit sal in die derde kwartaal wees en spesifiek gerig wees op skole.

**Mnr. Magel:** Ek sou Nasionale Boomplantdag 'n amptelike vakansiedag maak, sodat mense tyd het om 'n boom te plant.

**Wat is die verskil tussen goeie en slegte mense?**

Mnr. Nagel: Hoe jy ander mense hanteer.

Mnr. Magel: 'n Goeie mens is iemand wat iets doen sonder om iets terug te verwag, terwyl 'n slegte mens altyd iets met 'n verskuilde agenda doen.

**Wat is wysheid?**

**Mnr. Nagel:** Die manier waarop jy jouself gedra en hoe jy met mense werk. Dis nie noodwendig aan kennis gekoppel nie, maar eerder hoe jy ander dien en die Here se plan uitleef.

**Mnr. Magel:** Wysheid is pyn waaruit jy leer. Dit is nie iets wat jy kan koop of selfs sien nie, dit kom met tyd. Die universiteit van die lewe gee dit vir jou.

**Hoe weet jy of jy iemand lief het?**

**Mnr. Nagel:** Jy plaas daardie persoon se behoeftes bo jou eie en jy sal enige iets vir die persoon doen al moet jy jouself te na kom.

**Mnr. Magel:** Wanneer jy opstaan, is dit die eerste persoon waaraan jy dink en die laaste persoon waaraan jy dink voor jy gaan slaap. Daar is verlange wanneer die persoon nie daar is nie en jy vind 'n energie in sy/haar nabyheid.

**Wat is die funksie van humor?**

**Mnr. Nagel:** Om die lewe meer pret te maak. Dit bring fokus, ontspanning en maak jou meer gemaklik om met ander te kommunikeer.

**Mnr. Magel:** Om 'n gebroke wêreld meer draaglik te maak. As jy die humor in 'n situasie kan sien, maak dit daardie las ligter.

**Wat is Meneer se definisie vir sukses?**

**Mnr. Nagel:** Almal het hulle eie doelwitte, as jy jou eie doelwit bereik het, het jy sukses bereik.

**Mnr. Magel:** Dit kan nie gemeet word in die hoeveelheid geld wat jy maak nie, maar eerder hoeveel lewens jy aanraak – die hoeveelheid positiwiteit en die liefde wat jy in die wêreld kan terugploeg.

**Wat is die belangrikste les wat Meneer al geleer het?**

**Mnr. Nagel:** Wees goed vir ander. Dit wat jy gee, sal jy weer terugkry.

**Mnr. Magel:** Jy moet soveel as moontlik kontak maak met die mense vir wie jy omgee. Laat weet hulle jy is daar vir hulle en dat jy lief vir hulle is, want ons is nie seker oor wat môre inhou nie.



*Mnr. Nagel en Mnr. Magel*
*- Fotograaf: Vivienne Pio-*



*Mnr. Magel en Mnr. Nagel*
*- Fotograaf: Vivienne Pio-*

## *ONNIE-PERSOONLIKHEID*

## Me. Annelize Vorster

**Jani Strydom**

Juf. Annelize Vorster is 'n onderwyseres wat jy dalk al baie in die gange van Kloof raakgesien het. Met haar interessante oorbelle en grappies is sy 'n juffrou wat nie maklik gemis kan word nie, maar tog is daar 'n dieper kant aan dié Engels-onnie. Juf. Annelize is lief daarvoor om in haar vrye tyd te teken en durf graag staproetes aan. Haar gunstelingvakke op skool was Aardrykskunde en Engels. As sy een liedjie as die temalied van haar lewe kon kies, sou sy *I'm still standing* van Elton John kies.

**Hoekom wou Juffrou 'n onderwyser word?**

Ek het altyd geweet ek wil met kinders werk en het eers nie regtig gedink dat ek 'n onderwyser wil word nie, maar ek het later besef dat dit my roeping is. Ek sou ook nooit met klein kindertjies kon werk nie, daarom het ek 'n hoërskoolonderwyser geword.

**Watter Disney-prinses sal Juffrou die graagste wil wees?**

Jasmine, want dit sal nogal handig wees om 'n genie te hê en ek sal daarvan hou om 'n tier soos Raja te hê.

**As Juffrou net een dag oor het om te lewe wat sal Juffrou doen?**

Ek sal die hele dag met my kinders deurbring.

**Wat sal Juffrou as die perfekte matriekafskeidtema kies?**

My matriekafskeidtema was *Vietnamese Ball*, waarvan ek nie baie gehou het nie. Ek hou van misterie en moord, so ek sal meer vir 'n *James Bond*-tema gaan.

**Wat is Juffrou se lewensleuse?**

My pa het altyd op skool vir my gesê: "*No pain no gain*," maar ek het eers later besef dat daardie woorde nie net van toepassing is op sport en oefening nie, maar deur seerkry in die lewe ook en dat jy hopelik deur die pyn iets kan leer en 'n beter mens kan word.

**Wat is erger as kinders wat vir klas laat is?**

Kinders wat nie respek vir hulle medemens het nie.



*Juf. Annelize Vorster*
*- Foto: verskaf -*

# Ambisie by die Amfi

Arnold Dippenaar

Kloof se nuutste wêreldklastoevoeging tot infrastruktuur is op 21 April geopen. Die geleentheid is die begin van 'n nuwe kultuurera by Hoërskool Waterkloof. Die amfiteater is 'n vertoonvenster vir leerders van Waterkloof se talente. Die aand het afgeskop met mnr. Denysschen en juf. Anja Woolls, die kultuurdirekteur, wat die lint geknip en die eregaste die amfiteater binnegenooi het.

Miah Prinsloo en Arnold Dippenaar, die hoofleiers van Akatuur, het die seremonie met skriflesing en gebed begin. Daarna het Nieke de Jager almal met haar skildertalent vermaak. Die gaste was onseker oor wat sy besig was om te doen tot Nieke die skildery omgedraai het en almal die vrou kon sien wat sy geverf het. Oudleerder, Marli Viljoen, het haar gedig: "My kind, wees die muse" voorgelees en opgedra aan die leerders wat in die toekoms in die amfiteater gaan optree. Lillian van Staden het die gaste met haar uitvoering van die operalied, *Per la gloria d'adovari* deur Giovanni Battista Bononcini, beïndruk. Fralize van der Hoven se toneelstuk het die gehoor iets nuuts oor ouerskap geleer. Die Jazz-ensemble wat bestaan uit: Tiaan Barnard (tenoorsaksofoon), Wilando Ferreira (tromboon), Jayden Sauer (altsaksofoon), Aiden Thompson (kontrabas), Heinrich Sutton (klavier) en Dean Kersop (dromme), het almal verstom. Daar was nie 'n noot uit plek uit nie. Hulle het die twee liedjies, *Cantina* en *Cheeck to cheek* gespeel. Jané Grové en Heinecke Grobbelaar het hulle dansitem met groot sukses voltooi. Jana Oelofse het die gehoor geroer met haar dramastuk: "Dis ek, Anna van Wyk." Die talentvolle Heinrich Sutton het die gaste met *Fantasia on Czech folksongs* op die klavier betower. Die optredes is met die wêreldkampioen, Tamia Stanczyk, se ongelooflike dansitem afgesluit.


Daarna het 'n stylvolle onthaal in die kultuursentrum gevolg. Die gaskunstenaar, Rocco de Villiers, het behoorlik met sy talente voor die klavier gespog. Hy het nie net die amfi met die pragtige klanke van die klavier gevul nie, maar ook met 'n vrolike gelag oor al sy kwinkslae. Hy is dalk 'n beroemde musikant, maar hy is ook 'n goeie komediant! In die amfiteater sal die Klofie-leerders se kultuurtalent beslis hoogty vier.


- Fotograwe: Vivienne Pio en Suné van der Merwe -















# Liefde deur Klofie-sang uitgestraal

Lillian van Staden

Om deel van die Klofie-koor te wees, is toe nou nie so maklik soos val uit 'n boom uit nie, maar dit is beslis die moeite werd. Soos Kloof se koordirigent, mnr. Gert Pottas, altyd sê: "Niks wat die moeite werd is, is maklik nie."

Ja, die Klofie-koor skitter vanjaar so helder soos die goue uitslae wat hulle op Saterdag 20 Mei by die ATKV Applous-streeksuitdunne behaal het. Die Klofie-sangers het aan die meer ervare prestige-afdeling deelgeneem en die uitslae was glinsterend: GOUD. Ter voorbereiding van die kompetisie het die koor by 'n hele klompie geleenthede hulle harte uitgesing, insluitende by die Universiteit van Pretoria se Hoërskoolkore Extravaganza en die Pretoria Eisteddfod, waar hulle 'n A+ verower het.

Die koor is skynbaar 'n ideale kuierplekkie, want wanneer die Klofies nie sing nie, kan hulle nie ophou gesels en nuwe vriendskappe bou nie. Die busritte is groot pret en alhoewel die oefeninge soms baie fokus verg, is die geronde, musikale produk altyd iets wat jou na jou asem laat snak.

Behalwe vir al die mooi prestasies en hegte vriendskapsbande tussen die koorlede, is die liefde wat hierdie Klofie-sangers uitstraal as hulle sing, amper tasbaar. Dit is genoeg om 'n mens tot trane te dryf, terwyl jou hart van trots swel. Dit is tydens elke optrede duidelik dat die koor die gehoor se hartsnare, met hulle gevoelvolle vertolkings, roer. Die Klofie-koor groei en hulle hou nooit op om met hulle sangtalent te beïndruk nie. Daar wag beslis 'n baie rooskleurige toekoms op hulle.



**Klofie-koor**
- Fotograaf: Anja Wools -

# Het jy geweet?

Redaksie

Die AIS, of soos ons dit vandag ken, die innovasiesentrum, kom al 'n lang pad saam met Kloof.

Dit is oorspronklik as 'n biblioteek gebruik, maar het later in 'n mediasentrum (met moderne tegnologie soos videobande wat uitgeneem kon word) ontwikkel.

Die mediasentrum het mettertyd in die AIS verander en dié spasie het toe ook as die Frans-klas diens gedoen.

Tans is dit in 'n innovasiesentrum, wat leerders voor skool, tydens pouses en na skool kan gebruik, omskep.

In die DigiBib@Klofies is daar vyf hoëtegnologie-rekenaars wat die leerders vir navorsing, skryfopdragte of drukwerk kan gebruik. Daar is tafels met Slim LED-televisies om rekenaars in te prop indien dit vir groepbesprekingsessies benodig word. Vir dié wat in stilte wil lees, is daar 'n leeshoekie en tafels om by te studeer.

Die Robotikaklas vorm deel van die sentrum, en dit is waar die graad 8- en graad 9-leerders meer oor hierdie nuwe wêreld kan leer.

Ons sien uit na die bekendstelling van die sentrum in die derde kwartaal.



**Innovasiesentrum**
- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -

# Bewakers van die Kloof-planeet

Nandi Gous

Die groot glimlagte van Waterkloof se eie superhelde mag jou dalk vir 'n oomblik flous wanneer jy by die skoolhekke instap, maar niks gaan ongesiens by Abey Samoeu en John Mofokeng se wakende oë verby nie. Saam met Percy Mmotong wat die nagskof behartig, is die veiligheid van die Kloof-planeet in hierdie drie hekwagte se bekwame hande.

## "Abey,John, Percy en Jacob beskik oor besondere superkragte"

Om van sesuur soggens tot sesuur saans te werk, is nie maklik nie, maar ons superhelde laat dit nie blyk nie. Of jy nou 'n skoolkind, 'n ouer, 'n onderwyser of 'n besoeker is, hulle staan altyd gereed om jou te help.

Moet egter nie dat hulle sagte harte jou flous nie: Abey, John, Percy en Jacob beskik oor die besondere superkrag om moeilikheidmakers by Kloof op 'n myl te herken.

Twaalf uur klink baie lank, maar vir Abey en John is dit net deel van die werk. Hulle moet te alle tye die aktiwiteite en bewegings op die terrein dophou en kyk dat niemand (of dit nou 'n vreemdeling, 'n skoolkind of 'n *alien* is) moeilikheid maak nie.

Abey vertel trots dat sekuriteit die afgelope paar jaar relatief maklik was, met die grootste probleme wat by die beveiliging van motors lê. "Mense raak slimmer met hulle metodes om 'n kar te steel," sê hy. "Daar is ook die rare moeilike ouer wat sy kind nóu dádelik wil oplaai," sê Abey. "Ons laat egter nie toe dat mense oor ons loop nie." John is nie 'n man van baie woorde nie, maar hy beaam alles.

Toe daar oor uitdagings gevra word, is almal dit eens: die min tyd by die huis. Abey moet sy vrou en twee kinders soggens halfvier verlaat om betyds by die werk uit te kom. Hy is saans eers halfnege weer by die huis. Hy vertel ook hoe gevaarlik dit is om laataande terug te reis, want daar is mense wat jou inwag om jou geld te steel. Dit het Abey laas jaar amper sy lewe gekos. John het self drie dogtertjies en 'n vrou wat hy moet groet voor hy werk toe kom. Percy Mmotong, wat die nagskof doen, se roetine lyk natuurlik heeltemal anders, want hy werk nog gedurende die dag ook!

'n Interessante feit oor Abey is dat sy gunstelingmusiek Afrikaans is. Hy het 'n voorliefde daarvoor ontwikkel toe hy tuinwerk gedoen het. Met behulp van *JacarandaFM* gaan die twaalf uur by die werk 'n bietjie vinniger verby.

Abey lag oor die Klofies se manewales wanneer hy vertel: "In 2021, het 'n matriekseun na die hek gekom en sy skooltas by ons voete neergesit. Hy het gesê dat hy net gou sy kosblik by 'n kar langs die koshuis wou gaan haal, maar toe hy by die kar kom, het hy ingeklim en weggery. Hy was vir 'n hele week lank weg. Sy skooltas, saam met 'n dissiplinêre verhoor, het vir hom gewag toe hy terugkom."

Abey, John en Percy maak dit hulle missie om vriendelik en toeganklik vir almal wat die Waterkloof-planeet besoek, te wees. Die Klofies kan beslis getuig dat hulle 'n mens altyd veilig laat voel.



*Jacob Ledwaba en Percy Mmotong*
- Fotograaf: Nandi Gous -



*John Mofokeng en Abey Samoeu*
- Fotograaf: Vivienne Pio -

# Filmresensie

Anja Maranta

## *The Super Mario Bros. Movie*

Vanaf *Donkey Kong* in 1981, tot *Mario Bros.* in 1983, tot *Mario Kart Arcade GP* in 2005, tot op die silwer skerms in 2023, ken ons die Italiaanse loodgieter in sy rooi en blou pak. *Super Mario* is een van die gewildste videospeletjiehandelsmerke in die wêreld en of jy videospeletjies speel of nie, die kanse dat jy Mario ken, is groot.

Op 5 April 2023, het *The Super Mario Bros. Movie* die lig gesien, met Chris Pratt as Mario. Die storielyn handel oor die broers, Mario en Luigi, wat hulle loodgieterbesigheid in Brooklyn adverteer. Wanneer hulle 'n geleentheid aangryp om 'n pyp te herstel, word hulle skielik deur 'n vreemde pyp ingesuig en van mekaar geskei. Mario eindig op in die *Mushroom Kingdom* wat deur *Princess Peach* regeer word, maar Luigi is nie so gelukkig nie en bevind homself in die *Dark Lands* wat deur *Bowser* regeer word. Saam met *Princess Peach*, maak Mario reg om sy broer terug te kry en *Bowser* te keer om die wêreld oor te neem.

Die animasie van die film was absoluut fenomenaal, so ook die klankbaan wat uit die tagtigs se musiek bestaan. Oorspronklike vermengings van Mario-deuntjies en natuurlik *Peaches* deur Jack Black, word gebruik. Daar is talle verwysings na die verskillende *Super Mario*-videospeletjies en die akteurs beeld die karakters baie realisties uit.

Hierdie is 'n fantastiese film vir mense van alle ouderdomme, ongeag of hulle bekend is met die *Super Mario*-videospeletjies of nie. Moet dit nie misloop nie.




# Musiekresensie

Je-Miné de la Rey

## Ly jy aan *Droomsindroom*?

*Droomsindroom* is 'n musieksensasie wat Suid-Afrika met hulle pragtige musiek en sprankelende verhoogpersoonlikhede getref het en vinnig 'n groot naam onder skoolkinders geword het. Die grootste rede hiervoor is dat die jongste lid van dié groep, Kyle, self 'n gr. 10-leerder is wat in Hoërskool Garsfontein was voordat hy en sy broer, Kristen, besluit het om hulle droom in *Droomsindroom* uit te leef.

*Droomsindroom* het eers nadat hulle liedjie, *Hey Sonneblom* (2022), die aandag van baie tieners getrek het, erkenning begin kry. Daarna het hulle 'n hele album vrygestel en liedjies soos *Afrika Son* was die nuwe deuntjie wat in almal se koppe weerklink het. In 2023 het *Droomsindroom* hulle aanhangergetalle drasties, met *Ek Ly Aan*, verhoog. Hierdie Afrikaanse popgroep hou vertonings by verskeie geleenthede en was al by hoër- en laerskole en het ook by Hoërskool Waterkloof se Mnr. en Mej. Waterkloof opgetree.

*Droomsindroom* se luisteraars is egter nie net Suid-Afrikaners nie! Hulle het 'n spesiale plek op baie Nederlanders se snitlyste gekry. As gevolg van hierdie groot sukses het die groep besluit om hulle bekendste liedjie te vertaal en *Hey Zonneblom* het die lig gesien, waarmee hulle ook vertonings in Nederland beplan. Die Klofies wens hulle net die beste in die musiekwêreld toe.



- Fotograaf: Quintessential Photo and Video -




## Spunky 60's - Die Klofie *playlist*

Miné Naudé en Je-Miné de la Rey

# Wat kan 'n mens in 'n skoolbaadjie vind?



- Fotograwe: Mia van der Walt, Vivienne Pio, Jani Strydom, Lyne Steyn, Lize Erasmus, Laureanne Geertsema en Claudia van Wyk -





***Dansproduksie***
*- Fotograaf: LilyRose Photographic Studio -*

# As die donker jou vang

## Die invloed van beurtkrag op tieners

Vivienne Pio, Jani Strydom, Kayla Strydom, Dieter Stehle en Mia van der Walt

In Suid-Afrika is die mees gesogte eienskap in 'n moontlike lewensmaat 'n kragopwekker. Die rede hiervoor is natuurlik beurtkrag. Dit het die nuwe normaal vir tieners regoor die land geword. 'n Mens moet vinnig en op jou voete dink wanneer die nuwe beurtkragskedule vrygestel word. "Ek moet nog aandete maak en ek moet nog my Geskiedenistaak uitdruk en ek moet nog al die week se huiswerk op *Teams* opvang … alles voor Eskom die kragprop uittrek. Klink dit dalk bekend? Die Klofiekan het ondersoek oor die invloed van beurtkrag op tieners ingestel.

### SOSIALE VLINDERS SE VLERKE GEKNIP

Maak beurtkrag ons antisosiaal? Stel jouself voor: die eerste dans van die skoolsokkie het pas afgeskop en almal is gereed om op die tafels te dans wanneer die musiek skielik ophou en die ligte uitdoof. Almal skree luidkeels: "Eskom!" Of dit 'n verjaarsdagpartytjie, 'n skoolfunksie of 'n Vrydagaand by die huis is, beurtkrag is die grootste party pooper!

As jy tieners vra, wat lief is om op *Instagram* te blaai, sal hulle beslis sê dat beurtkrag 'n effek op hulle sosiale lewe het. Hoe moet hulle foto's op Instagram laai as die *Wifi* nie werk nie omdat die krag af is?

Nog tieners wat beurtkrag verpes, is dié wat daarvoor lief is om rekenaarspeletjies te speel. Hoe moet die *gamers Warzone* of *Rocket League* speel wanneer daar beurtkrag is? Beurtkrag veroorsaak dat kinders baie minder televisie kyk of speletjies speel.

Daar is een positiewe ding wat bo die negatiewe uitstaan: beurtkrag het mense forseer om meer tyd met hulle vriende en familie deur te bring, sonder tegnologie of ligte natuurlik. Mense het geleer om hulle selfone 'n bietjie af te skakel, om as familie saam in die sitkamer met kerse te ontspan, met die hond te gaan stap, bordspeletjies te speel en lekker te gesels.

### DIE AKADEMIESE LIGGIE BRAND FLOU

Somtyds voel dit asof die liggies in jou kop ook afgaan as die ligte afgaan. Jy voel van voor af moedeloos oor jou Wetenskaptoets wat jy môre skryf, want jy wil nie eers probeer om die werk by kerslig in jou kop te kry nie. Jy kan nie vir jou 'n koppie koffie maak om wakker te bly nie, die ketel sal nie kook nie, en iemand het vergeet om die herlaaibare ligte te laai. Oomblikke soos hierdie, laat 'n mens wonder: is die feit dat die krag so baie afgaan dalk die rede waarom ons punte ook so baie daal?

Ons het ook al almal in die klas gesit terwyl beurtkrag inskop en die kragopwekker probleme gee. Wat nou? Die onderwyser kan nie alles op die bord skryf nie en *Teams* sal ook nie werk nie, want die *Wifi* is af. Nog 'n periode is verlore.

Gepraat van donker, het jy geweet dat dowwe lig jou konsentrasievlakke drasties verminder? As daar nie genoeg lig in klaskamers is nie, omdat die ligte as gevolg van beurtkrag af is, is dit wetenskaplik deur *PubMed Central* bewys dat die kognitiewe funksie afneem. Dowwe lig kan ook hoofpyn veroorsaak, omdat dit onnodige spanning op jou oë sit.

### LOGISTIEKE NAGMERRIE

Wanneer jy opstaan, is die ligte af. As jy saans tuis kom, is die ligte weer of selfs nóg steeds af. Om so 'n gebrek aan beheer oor ons daaglikse lewe te hê, het baie nagevolge vir leerders.

Leerders kan angs ervaar deurdat hulle vroeër moet opstaan om betyds by die skool te wees oor ouers wat langer in die verkeer sit as gevolg van die verkeersligte wat buite werking is.

Almal moet nou hulle skedules by die venster uitgooi en 'n nuwe manier vind om die daaglikse aktiwiteite tussen al die ure van beurtkrag in te pas.

Lana Blok, 'n sielkundige, het in gesprek met *The Citizen* gesê een van die grootste redes vir verhoogte angs, is die gebrek aan beheer wat Suid-Afrikaners tydens beurtkrag ervaar. Sy sê dat sodra 'n individu voel dat hy/sy nie beheer het nie, skop angs in en as dit voortdurend aanhou, kan dit depressievlakke verhoog.

Ons moet besef dat daar dinge is wat ons kan beheer en dinge waaroor ons geen beheer het nie. Neem beheer oor wat jy kan, deur na die beurtkragskedule te kyk om jou dag beter te beplan. Ons moet probeer om nie vasgevang te word in die negatiwiteit van almal rondom ons nie, anders neem angs ons lewe oor.

### SOEKLIG OP VEILIGHEID

Dis 'n donker, koue nag. Die krag is al vir ure af en jy is alleen tuis, besig om vir jou eksamen te probeer leer. Jy hoor hoe die voordeur kraak, terwyl dit oopforseer word. Skielik is die eksamen die laaste ding waaroor jy bekommerd is …

Hierdie scenario is vir baie Suid-Afrikaners 'n vreesaanjaende realiteit. Beurtkrag beïnvloed die sekuriteit van alle Suid-Afrikaners en spesifiek skoolkinders. Gedurende beurtkrag beteken sekuriteitsisteme soos elektriese heinings en alarms niks nie, tensy huiseienaars baie duur batterysisteme kan bekostig. Dit maak huise maklike teikens vir kriminele. Dit lei tot angs by leerders en veroorsaak dat hulle nie hulle volle aandag aan hulle skoolwerk gee nie.

As leerders van Hoërskool Waterkloof weet ons hoe erg die verkeer op pad skool toe kan wees. Dit beïnvloed nie net ons daaglikse roetine nie, maar ons veiligheid ook. Wanneer verkeersligte buite werking is, is die moontlikheid vir ongelukke baie hoër, veral snags wanneer dit pikdonker is. Die verkeersopeenhopings lei soms tot padwoede wat ander padgebruikers in gevaar stel. Leerders kom soggens gespanne by die skool aan.

Die gebrek aan lig in openbare plekke soos winkelsentrums, kan die veiligheid van mense nadelig beïnvloed. Dit veroorsaak dat leerders sulke plekke vermy en dus nie meer 'n gesonde sosiale lewe handhaaf nie.

### RANDE EN SENTE, VERAL SENTE


Daar is 'n direkte verwantskap tussen die onstabiele ekonomie en mense se stresvlakke. Gesinne sukkel om met die stygende inflasie, kop bo water te hou en met die ekstra onkoste van beurtkrag, is daar nie meer sente om om te draai nie.

Ons tieners se lewens voel al hoe meer ingeperk. Ja, die lewe draai nie net om geld nie, maar wel oor: nuwe klere, 'Liefde By Die Dam' en die matriekvakansie wat nie goedkoop is nie. Hierdie luukshede moet nou beperk word om by die begroting in te pas. 'n Mens is bevoorreg om hierdie luukshede enigsins te kan bekostig, want party gesinne sukkel om net hulle maandelikse kruideniersware te koop.


Die skade wat beurtkrag aan elektriese toestelle aanrig, is ook 'n ekstra uitgawe. Dit gebeur dikwels dat mense se yskaste, televisiestelle ens. as gevolg van die konstante aan- en afskakeling van elektrisiteit ingee.

Al hierdie druk wat beurtkrag op gesinne plaas, kan aanleiding gee tot verhoogte stresvlakke. Tieners is egter nie in beheer van hulle ouers se finansiële situasie nie, en daarom kan hulle nie toelaat dat dit hulle onderkry nie. Tieners moet leer om met net die basiese klaar te kom, want ouers doen hulle bes om aan alle behoeftes te voorsien.


WATTER ALTERNATIEWE KRAGBRONNE GEBRUIK JOU HUISHOUDING?




SAL JY SÊ DAT BEURTKRAG 'N NEGATIEWE INVLOED OP JOU GEMOED HET?




WATTER ASPEK VAN JOU LEWE WORD DIE MEESTE DEUR BEURTKRAG BEÏNVLOED?




Suid-Afrika beleef donker tye – letterlik en figuurlik en dit voel asof daar geen lig aan die einde van die tonnel is nie. Moet egter nie toelaat dat beurtkrag jou vrede en positiewe lewensuitkyk steel nie.

# Sasko, Sunbake of Spar: Hoe om jou pad na die witbroodjielewe te bak

**Handro Myburg**

***Witbroodjie: (s.nw.) 'n Onderwyser se gunstelingleerder, 'n leerder waarvan alle ander leerders gewoonlik baie min hou.***

Hoe word 'n mens dan 'n witbroodjie? Om uit te vind hoe om die minder gesogte titel van witbroodjie te verdien, is daar net een groep mense om te vra: onderwysers. Hier is wat 'n paar Waterkloof-onnies te sê het.



"Vat Drama, al my Drama-leerders is my witbroodjies, veral my matrieks. Laat my lag en as jy dit nie kan doen nie, lees. Ek is mal oor kinders wat lees."

**– Juf. Kearns**



"Wees baie vriendelik, doen jou huiswerk en as dit nie werk nie sal 'n bietjie biltong definitief help."

**– Juf. Oberholzer**



"*I am an equal opportunity discriminator. I pick on everyone equally. Everyone in my class will get their turn to be my least favourite.*"

**– Ms. Strydom**



"Die heel soetste kinders is nie my witbroodjies nie. Ek hou van 'n kind wat 'n bietjie stout is, maar tog sy werk doen. Ek hou van 'n kind waarmee ek grappies kan maak, sonder dat hulle voel ek pik op hulle."

**– Juf. Behr**



"Dit is vir my makliker om te werk met kinders wat verantwoordelik en voorbeeldig is. Dit is nie my witbroodjies nie, maar dit is kinders waarmee ek nogal die pad sal stap."

**– Mnr. de Klerk**



"Geniet net die klas en wees meelewend. Ek hou nie van zombies nie en moenie 'n varknek wees nie."

**– Juf. van Rooyen (Siele)**

*- Fotograaf: Miracles Photography -*

Dit is duidelik dat die pad na witbroodjie-wees nie 'n maklike een is nie. Dit is dié dat so min leerders die status bereik. Dit is 'n pad gevul met bloed, sweet en biltong, baie biltong.



*Omkoopgoed*

*- Fotograaf: Retha Hofmeyr -*

# Eksamenbabelas

**Mia Appelcryn en Michaela Smith**

Ly jy miskien aan dié siekte? Is jy uitgeput, oorwerk en hardloop jou brein steeds op 90% kafeïen en slegs 10% eie krag? Wel, hier is die beste resep om daardie eksamengevoel vinnig af te skud:

1. Skop jou eerste vry middag af met 'n welverdiende middagslapie van ongeveer vier uur, en begin om die afgelope maand se laat-leer-nagte se slaap op te vang.
2. Na afloop van jou slapie, pak al jou handboeke en notas weg en verbrand sommer al jou onnodige opsommings - dit sal jou eksamenhoofpyn in 'n oogwink genees!
3. Vergeet van jou gesonde dieet van groen *smoothies* en groente, wat vir maksimum konsentrasie gehelp het, want dit is nou vakansie! Bederf jouself met hope kitskos en lekkernye soos McDonalds en Krispy Kreme om so al jou eksamen-gedagtes te groet.
4. Sluit jou eerste aand van vryheid af met jou gunstelingfliek op Netflix, of sing en dans saam met jou langvergete vriende van Disney.
5. Gaan slaap eers om 02:00, net omdat jy wíl en nie omdat jy móét nie. Onthou net om al tien jou wekkers vir die volgende paar weke af te skakel.
6. Staan die volgende middag eers op en begin al jou vakansiestreke beplan, soos om saam met vriende te gaan kamp en te kuier of om net in die bed te bly met 'n goeie boek en 'n lekker beker warm sjokolade met malvalekkers.
7. Vergeet van die klaskamers en die middelgang en herlaai jóú battery tot 100%-kapasiteit, deur totaal en al te ontspan en nie een oomblik aan skoolwerk of selfs die gedagte daaraan, te dink nie.
8. Geniet jou vakansie voluit en leef jouself in elke oomblik in!

Uitgerus, vars en herlaai, jy is nou reg om die skoolgronde te betree, kwartaal drie aan te pak, en opnuut oor te begin!



## Leer en Oorleef *Spotify playlist*

**Anica Ueckermann en Krige Steyn**

Soos die eksamen naderkruip, en Wetenskap en Besigheidstudies se toetse in dieselfde week geskeduleer is, is dit moeilik vir 'n Klofie om die Lewensoriënteringhandboek se raad te volg en "diep asem te haal en kalm te bly".

Die Klofiekan stel ons eie eksamen-playlists op Spotify bekend…


WANNEER DIT KOM BY JOU PAKKIE, KRY ONS ALTYD VOL PUNTE.

HATFIELD KIOSK
012 362 0666 | hatfield@thecourierguy.co.za

MONTANA KIOSK
066 534 4149 | montana@thecourierguy.co.za

SILVERTON KIOSK
066 123 0533 | silverton@thecourierguy.co.za

EQUESTRIA KIOSK
012 809 6900 | equestria@thecourierguy.co.za

Toonbank na toonbank vanaf R65!

The Courier Guy Kiosk pudo








Meng-en-pas Antwoorde: 1. B; 2. D; 3. C; 4. E; 5. G; 6. F; 7. J; 8. M; 9. N; 10. L; 11. A; 12. I, 13. H, 14. K

# ‘n Week om jou kompas te vind

**Laureanne Geertsema**

1 Korinthiërs 13 is bekend as die liefdeshoofstuk in die Bybel. Vers 13 sluit af met die gedagte dat geloof, hoop en liefde die belangrikste kompas van ons lewens moet wees. Die grootste van die drie, ons ware Noord, is die liefde. Gedurende die Lewensverrykingsweek het die Klofies gewys dat hulle dit in woord en daad glo.

Alhoewel die week onverwags met ‘n donderstorm afgeskop het, het die Klofies nie teruggedeins nie. Die res van die week is met entoesiasme aangepak. Op Dinsdag 16 Mei het Kloof meer oor die tema ‘identiteit’ geleer. Om elke Klofie se identiteit te vier, is daar ‘n banier waarop elke Klofie sy/haar handdruk kon verewig, gemaak. Vrolike (en soms ‘per ongeluk’ gekleurde) glimlagte is heeldag lank gesien. Liefde vir alle mense, oor alle grense heen, is gevier. Hoe lekker sal Kloof se gange nie wees as ons hierdie dag élke dag ons eie maak nie?

Op Woensdag 17 Mei het Kloof in geloof voortgebou. Die temas ‘oorwinning en dankbaarheid’ is tydens grade-opening met talle prettige speletjies (met baie lag en grappies) uitgebeeld. Die Klofies is geleer om hulle gesinne en vriende te alle tye te vertrou om hulle op die regte pad te hou. Die lawwe “Wie sal eerste klaar geëet wees?” het ons geleer dat jou liggaam kos nodig het om te funksioneer en so is die belangrikheid van ‘n gesonde dieet uitgelig.

Die liefdevolle omgee-gees van die week het opgebou en tydens die jaarlikse hoogtepunt: Kaalvoetoggend, oorgeborrel. Die tema was: Hoekom gee ons? Handro Myburg, onderhoofseun van Lewensverryking, se antwoord op die vraag is: “Ons gee, want ons word geroep om te gee.” Volgens Handro is dit waarom die ingesamelde klere in ‘n kruis gepak is, eerder as in ‘n hartvorm soos vorige jare.

Vrydag 19 Mei is met ‘n inspirerende besoek van ds. Izak Morkel afgeskop. Lewenswenke is gedeel oor hoe om spanning te bestuur en hoe om vrees en angs te verlig deur hulp te vra. Hy het ook verduidelik hoe om te ontspan en hoe om die mooi van die lewe te sien. Alles met die genesende krag van die liefde.

Mag Lewensverrykingsweek 2023 nie net weer ‘n herinnering tot volgende jaar word nie. Mag ons elke dag uniekheid in liefde omarm en mag ons sonder voorbehoud, onvoorwaardelik liefhê. Mag jy van jouself kan gee sonder om bang te wees, maar mag jy ook kan ontvang sonder om skaam te wees. Mag jy JY wees, Klofie. Gesonde JY. Opregte JY. Gee jouself en ons aanvaar jou in liefde.



*Kayla Landsberg en Handro Myburg*
*- Fotograaf: Vivienne Pio -*

# Koue voete – goue voete

**Nandi Gous en Kayla Strydom**

Op Donderdag 18 Mei het 2000 leerders en onderwysers kaalvoet op ‘n donker rugbyveld gestaan. Dit was Kaalvoetoggend - die jaarlikse Kloof-tradisie - waar leerders tydens Hemelvaart sonder skoene skool toe kom en klere vir behoeftige mense insamel.

Vanjaar is ons weer uitgedaag om vir ‘n oomblik ons eie gemak opsy te skuif en om ‘n paar treë in ‘n ander se skoene (of die gebrek daaraan) te stap. Waterkloof het vir die 11de agtereenvolgende jaar hande met Helpende Hand gevat om saam 2055 kg klere en skoene in te samel.

Dit was koud en ongemaklik om met kaalvoete oor die nat gras na die pawiljoen te stap. Die belofte van ‘n warm koppie koffie in die hoek van die rugbyveld, was ‘n klein ligpuntjie om na uit te sien … ‘n ietsie warm teen die koue. Maar met kraguitdagings, is daar gou ook koue water oor sommige van ons se verwagtinge gegooi en moes die koffie vir later wag.

En ons verwagtinge is juis dit wat ons soms pootjie. “Die Here daag jou perspektief uit en verander dit,” het dominee Christian Lubbe met ons uit Matteus 28:16 gedeel. “Die Here is hier om jou lewe te herdefinieer,” het hy gesê.

“Die hele ervaring het ‘n mens net nader aan die doel van die dag gebring, want mense wat nie goeie skoene en klere besit nie, het ook nie koffie om hulle warm te maak nie,” het een leerder tereg opgemerk.

Vanjaar was daar nie net koue voete nie, maar ook goue voete. Handro Myburg en Kayla Landsberg, onderhoofleiers van Lewensverryking, het ‘n nuwe tradisie ingestel toe hulle die graad 8’s as die wenners van die Kaalvoetoggend-trofee (in die vorm van ‘n goue voet) aangekondig het. Die Druppels het ‘n allemintige 515 kg klere ingesamel. Wie se voet as inspirasie vir hierdie goue trofee gebruik is, is steeds ‘n staatsgeheim.

Die klere is in die vorm van ‘n kruis op die rugbyveld gepak om te simboliseer dat die Here ons met soveel geseën het dat ons ook ander kan seën. Na ‘n oggend van ware liefde en geloof is die Klofies met nuwe moed klasse toe om die akademiese dag aan te pak. Ds. Christiaan se laaste woorde aan Kloof was: “Gaan uit in die wêreld en maak dissipels.”

**Kaalvoetoggend-video**

# Graad 11 - werklik ‘n omgeegraad

**Mia Appelcryn**

Met oop hande en oop harte het 2023 se graad 11-groep hierdie kwartaal nie net een nie, maar twee ongelooflike uitreike gehad. Soos ware Klofies ploeg hulle altyd terug in die gemeenskap en verleen ‘n helpende hand waar nodig.

Hulle eerste uitreik op 24 April was nêrens anders nie as by Wollies in Montana. Die organisasie is tans die tuiste van 700 honde, 400 katte, 20 hasies en selfs twee donkies - en toe vir een middag, ook 60 Klofies. Die leerders het die personeel met breë glimlagte en arms gevul met verskeie benodigdhede, gegroet. Elke Klofie het gebrand om die diertjies te ontmoet en die kuier het sommer by die katte afgeskop, waar een swart katjie ‘n graad 11-dogter (Thirsten Stewart) se hart gesteel het en ‘n paar weke later in ‘n nuwe huis verwelkom is. Die volgende stop en seker almal se gunsteling, was die babahondjies met hulle sagte pelsies en spelerige geaardhede. Die graad 11’s het later die middag elkeen ‘n hond op ‘n gesellige uitstappie deur die veld vergesel. Hulle het die middag met ‘n pragtige groepfoto en nuwe perspektief afgesluit. Die Klofies het geleer om altyd dankbaar te wees en niks as vanselfsprekend te aanvaar nie.

Die volgende uitreik, in die gees van dié jaar se Lewensweek, het ‘n spesiale plek in die graad 11’s se harte, en dit is die tweede jaar wat hulle die uitreik aanpak - die Derdepoort sopkombuisuitreik op 23 Mei. Net soos die vorige jaar, het elke voogklas saamgespan en ‘n pot warm sop, perfek vir die koue wintersweer gemaak. Die leerders het toe die gemeenskap rondom die Derdepoort-gemeente met 14 potte sop en brood gaan bedien. Die leerders het vir elkeen ‘n bakkie sop geskep en ‘n broodjie gegee en die kindertjies het elkeen ‘n koeksister vir poeding gekry. Die sop was meer as genoeg en so lekker dat elkeen ‘n tweede porsie kon opskep. Die dankbaarheid van al die mense en die glimlagte op hulle gesigte, is ‘n prentjie wat die leerders vir lank sal koester. Dit was ‘n ervaring wat jou net weer daaraan herinner het om dankbaar te wees vir alles wat jy het en dat jy altyd moet uitreik na dié wat minder as jy het, want soos die organiseerder by die gemeente gesê het: “Hoe meer jy gee, hoe meer sal jy ontvang, nie net fisies nie, maar ook geestelik.”

Die graad 11’s, met behulp van hulle Lewensverrykingskomitee, wys werklik hulle omgeeharte vir die wêreld. Kloof kan nie wag om te sien wat hulle volgende gaan aanpak nie.


*Wollies*
*- Fotograaf: Suné van der Merwe -*


*Derdepoort*
*- Fotograaf: Suné van der Merwe -*

# Kloof bou in geloof met Gebedsweek

**Claudia van Wyk**

Tydens ‘n besige skoolweek, stoot tieners dikwels hulle geloof in ‘n hoekie agter ‘n berg handboeke in. Die toegewyde leiers van die Klofie-kapel het egter die Bybel onder die wiskundehandboek raakgesien en saamgespan om ‘n prettige en noodsaaklike Gebedsweek vir die Klofies te organiseer.

Kloof het die Gebedsweek in dankbaarheid met gebed afgeskop. ‘n Lyn is vanaf die kantoor regdeur die middelgang gespan, waarop elke Klofie ‘n briefie kon vasknip om te sê waarvoor hy/sy dankbaar is. Ons het almal struikelblokke in die lewe, maar God bly aan jou sy en daar is altyd iets om voor dankbaar te wees.

Die kuierleier, Pierre Lotter, het sy storie van bekering met die Klofies kom deel. Sy emosionele boodskap het vele hartsnare geroer toe hy sy getuienis van hoe hy die pad op hoërskool byster geraak, gedeel het. Om altyd aan God se opdrag gehoorsaam te wees, is nie altyd maklik nie, maar beslis die moeite werd.

Dinsdag het die Klofies die volgende vraag bespreek: “Wat doen jy as iemand jou seermaak of verraai? Versprei jy skinderstories oor daardie persoon? Laai jy ‘n onvleiende foto van die betrokke party op ‘n anonieme *Instagram*-profiel? Die laaste ding op jou lys is om te vergewe. Linette Beer het egter die waarheid van vergifnis met die Klofies gedeel deur op die verhaal van Dawid te fokus. Deur sy vertroue in God te plaas, het Dawid dit reggekry om liefde aan sy vyande te betoon en hulle te vergewe.

Vertroue in God is die eerste stap op die pad na vergifnis. Met Lynette Beer se woorde in hulle harte, het die Klofies op die vierkant geskryf waarvoor hulle op die Here kan vertrou. In die Kapel, het die Klofies name op pleisters geskryf en hulle hartseer en woede aan die Here oorgegee.

Die tweede dag van die Gebedsweek is met vergifnis en liefde afgesluit.

Woensdag se Bybelvers: “Elke plek waar julle voetsole op sal trap, dit gee Ek aan julle, soos ek met Moses gespreek het.” Joshua 1:3 het die Klofies aangemoedig om aan die *Prayer Walk* om die rugbyveld deel te neem. Die teenwoordigheid van die Heilige Gees was tasbaar terwyl die kinders gebedsirkels op die rugbyveld gevorm het. Die bidmammas het hulle tyd kom opoffer om die Klofies in gebed te lei.

Dawie Spies het die leerders se harte aangeraak met sy boodskap dat ‘n mens positiewe voetspore moet nalaat.

Donderdag het Christiaan Lubbe die Klofie-leerders aan Jesus se onvoorwaardelike liefde kom herinner deur die verhaal van Lasarus wat uit die dood opgewek is, te gebruik. Leerders het gebedsversoeke deur die ogiesdraad in die vierkant gedruk en hulle bekommernisse aan die Here oorgegee.

Henning van der Walt se vraag: “Wat maak jou ‘n kind van God?” het die Klofies laat dink. Dit is beslis nie die klere wat jy dra, waar jy bly of wat jy al in jou verlede bereik het nie. Die antwoord: net die lewenskontrak wat Jesus vir ons gesluit het met die storting van Sy bloed aan die kruis!

Vrydag is vergifnis na nuwe hoogtes geneem met die kruis waarop die Klofies hulle wraak kon vasspyker. Die kruis van gebedsversoeke was die hele week vir die Klofies in nood beskikbaar waar hulle gebede voor God se voete kon neerlê.

Die Gebedsweek het elke Klofie die geleentheid gegee om d. m. v. gebed braaf te wees in liefde, te groei in geloof, dankbaarheid te betoon en diep spore in ander se lewens te trap.


*- Fotograaf: Annelize Muller -*

# Paparazzi-pret

*Fotograwe: Keaan Kempen, Teone Britton, Nikah Myburgh, Kayley Wessels, Limè van der Nest, Tanica Stroebel, Juandrè le Roux, Keaan Viljoen*














































# Woordspeletjie


Lyné Steyn en Juan de Wet

Stuur die antwoorde van die blokraai aan juf. Retha Hofmeyr op *Teams*.

**Sluitingsdatum**: Saterdag 24 Junie 2023

Die eerste leerder wat al die leidrade korrek het, wen R500!

**Staan 'n kans om R500 te wen!**




**AF:**

1. Soos watter prinses wil juffrou Annelize Vorster graag wees?
2. Wat is Christiaan Lubbe se beroep?
4. Watter tipe dier is Vincent?
5. Hierdie gebeurtenis het op die derde dag van 'n sekere belangrike week gebeur…
7. Waarin het *Super Mario* eerste verskyn?
8. Wat gee die universiteit van die lewe vir jou?
9. Voltooi die sin: "Dit is 'n pad gevul met bloed, sweet en ___."

**DWARS:**

3. Wat het die Klofie-seuns na elke doel geskree?
5. Wat is Carina se troetelnaam?
6. Watter sportsoort is dikwels onvoorspelbaar?
10. Wie is die vrou met 'n oplossing vir alles?
11. Wat is skynbaar 'n ideale kuierplek?
12. Met 'n ekstra uur se slaap sal die Klofies kans kry om te…?

# Onnies: meng-en-pas-speletjie

Anica Ueckermann en Lillian van Staden















- Fotograaf: Miracles Photography -

**A** Hierdie onderwyser/es het uit die skoolkoshuis geglip, in die swembad gaan swem en toe die nag op die skool se dak geslaap.

**B** Hierdie onderwyser/es het vir 'n week lank skool gebank en gaan visvang.

**C** Hierdie onderwyser het sy/haar vriendin se motorfiets geleen, van die motorfiets afgeval en sy/haar bene nerfaf geval. Hy/sy het ook vir sy/haar ma oor die oorsprong van die besering gejok en die skade op die motorfiets skelm terugbetaal.

**D** Hierdie onderwyser/es het sy/haar pa se motor gesteel en na 'n inkopiesentrum gery om saam met een van sy/haar vriende inkopies te doen.

**E** Hierdie onderwyser/es het sy/haar hele graad oortuig om na die stadsaal te loop en is as gevolg daarvan na die skoolhoof gestuur.

**F** Hierdie onderwyser/es het in haar graad 9-jaar elke Vrydag by die skool gaan aanmeld, maar is dan vir die res van die dag na 'n maat se huis toe.

## SPOTPRENT

Kunstenaar: Suné van der Merwe




Antwoorde: 1)D; 2)B; 3)C; 4)A; 5)E; 6)F

## SOEK VIR POULIE

Vind die agt versteekte blou poue ook bekend as:




# Tong-in-die-Kies

Handro Myburg, Arnold Dippenaar, Krige Steyn, Nicolas du Plooy

Hopelik is jy teen dié tyd al deur die ergste; by daardie punt waar jou studie-ure per vraestel drasties duik, want jy voel jy ken die werk. Kom ons wees eerlik, dis nie waar nie; jy ken definitief nie die werk nie. Tog hoop ons dat ons 'n bietjie verligting bring, 'n laaste stukkie genot voor julle ons vir ewig verloor.

Daar is te veel nuus om in so 'n kort berig te dek, daarom bied ons vir julle iets nuuts: *Blitsnuus* - grappies vir jou *TikTok*-aandagspan, voor ons op die ernstige nuus fokus. Die gebrek aan belangstelling in die matriekafskeid laat die kundiges wonder of die seuns met die nuwe aksynsbelastingverhoging nie blomme kan bekostig nie. Die geluid van klippe wat tuimel hou die Klofies op hulle tone. Dit laat 'n mens wonder of daardie noodontruiming ooit gaan gebeur? Die graad 9's bied 'n eksklusiewe boksgeveg op die rugbyveld aan. Kaartjies beloop R50, ingesluit, is dat jy self 'n hou of twee mag plant. Die Druppels breek tydens hulle eerste staking los en oorskry Klofie-menseregte, nr. 44 in die Handves van Klofie-regte. Elke leerder het 'n reg op 'n lus vir die lewe. Ons is trots om aan te kondig dat die ontneming van regte nie by ons skool geduld word nie, dus word alle Druppels met 38 minuut lange periodes gestraf.

Kwartaal twee is die kwartaal van die opedag. Alhoewel baie mense ontsteld was dat die opedag op 'n Saterdag plaasgevind het, moet hulle besef dat hierdie eintlik nog 'n meesterlike strategiese skuif van die skool se kant af is. Die skool het eintlik geen behoefte aan meer aansoeke nie; die voorspelde 643 Druppels is reeds genoeg om vir die nuwe saal te betaal. Dit is sopas bevestig dat die derdevloerbadkamers van volgende jaar af in nuwe revolusionêre klaskamers omgeskakel sal word. Die nuwe vak, Landbou, maak weereens groot golwe.

Hierdie jaar word daar 'n baie groot besluit geneem, 'n kontroversiële besluit. Die Klofieraad van 2024 gaan 60 lede hê. Eintlik maak hierdie besluit baie sin, want dit berei mense solank vir die Klofieraad van 2028 voor wat 500 lede sal hê. Die Druppel-mammas sal geen ander opsie duld nie! Die graad 10's is klaar besig om te probeer uitstaan vir hulle Klofieraadsverkiesing. Ons raad aan hulle? Die Klofieraad gaan nie oor 'n meganiese bul by gradeopening of hoeveel *fizzers* jy kan uitdeel nie, dit gaan oor iets baie belangriker as dit: hoeveel vriende jy het.

Die kwartaallikse sokkie kry omtrent net soveel aftrek as die matriekafskeid. Dit is egter net as gevolg van slegte kommunikasie. Die res van die skool het nie besef dat die sokkie nie eksklusief vir die graad 8's was nie. Op 'n positiewe noot hoef die graad 8's nou nie te sukkel om 'n graadkuier te reël nie.

In die vorige beheerliggaamsvergadering is dit bekendgemaak dat die styging in die snoepiepryse niks met inflasie te doen het nie, maar wel met die feit dat die wins gebruik word om 'n goue dassiestandbeeld te bou, want die donkie raak nou oud. Vir diegene wat dink dat ons te veel keer oor die snoepiepryse gespot het, sê ons: ons sal ophou om daaroor te praat as die snoepiepryse stabiliseer.

Op 'n ernstige noot is hierdie berig ook die einde van 'n era vir Tong-in-die-kies, aangesien dit ons laaste keer aan stuur van sake is. Ons wou 'n vaandeloorhandiging reël, maar die idee is vinnig afgeskiet. Hiermee groet ons julle, maar hou die spasie dop, want die Tong-in-die-kies is nou in nuwe, baie bekwame, hande.



*Handro Myburg en Arnold Dippenaar*
*- Fotograaf: Vivienne Pio -*

# Captain's Corner

Lize Erasmus en Nicolas du Plooy

Met Klofie-trots en hope passie vir hulle sport, hou Tiaan Nelson, Tania Venter, Angelé Vogel, Waldo Brits, Luane Smith en Tymicka Grobler, kapteine van verskeie sportspanne, Hoërskool Waterkloof se naam hoog.

**Wanneer het jy jou liefde vir jou sport ontdek?**

**Tiaan** (tennis): Op sesjarige ouderdom, toe ek saam met my broer tennis gespeel het.

**Tania** (tennis): Die oomblik toe ek tennis begin speel het, op vyf. Ek het dit baie geniet.

**Angelé** (hokkie): My liefde vir hokkie het in graad 1 begin toe ons daardie papiertjies gekry het om te kies watter sportsoort ons wil doen. Ek het hokkie gekies en het van toe af nooit opgehou nie.

**Waldo** (hokkie): In graad 5.

**Tymicka** (perdry): Ek was nog altyd mal oor perde. Ek het eers met perdrylesse begin toe ek in graad 4 was nadat ek my ouers vir lank gesmeek het!

**Wat is jou drome vir jou span of jou sportloopbaan?**

**Tiaan** (tennis): My droom vir my span sal altyd wees om Hoërskool Waterkloof die beste tennisskool in die land te maak.

**Tania** (tennis): My drome vir ons span sal wees om mekaar te ondersteun en om geestelik nommer 1 te wees, maar ook om deel van die top-4 skole te wees.

**Angelé** (hokkie): Dit is om elke wedstryd beter as die vorige een te speel.

**Waldo** (hokkie): Ek sal graag die Noordvaal-toernooi saam met my span wil wen.

**Tymicka** (perdry): Ek sal wil hê dat die Klofie-perdryspan bo in Suid-Afrika sal eindig, net soos laas jaar. Ek sal ook graag 'n eerste plek by die SA's, in Oktober, wil behaal.

**Watter uitdaging ervaar jy ten opsigte van jou sport?**

**Tiaan** (tennis): Dit is 'n uitdaging om elke dag jou beste te gee.

**Tania** (tennis): Dit is moeilik om jou geestelike kant sterk te hou.

**Angelé** (hokkie): Daar is baie ongesonde kompetisie onder die spelers.

**Waldo** (hokkie): Dit is moeilik om die ander span se spel te analiseer en om daarby aan te pas.

**Tymicka** (perdry): Perdry is baie onvoorspelbaar omdat jy altyd saam met 'n spanmaat, jou perd, deelneem. As jou perd siek word of seerkry, sal jy nie kan deelneem nie.

**Hoe handhaaf jy 'n balans tussen jou sport, akademie en sosiale lewe?**

**Tiaan** (tennis): Dit is moeilik, want jy moet baie werk en toetse inhaal, maar dit is alles die moeite werd, want tennis is 'n baie lekker sport.

**Tania** (tennis): Ek spandeer baie tyd aan beplanning en om tyd vir alles te maak.

**Angelé** (hokkie): Jy moet maar net tyd maak vir dit wat vir jou belangrik is. Ek leer gewoonlik tussen die hokkie-oefeninge deur en ook laat in die aande.

**Waldo** (hokkie): Dit is ongelukkig nie altyd moontlik nie, maar ek vat soms een of twee dae af wanneer ek nie oefen of leer nie.

**Tymicka** (perdry): Perdry en my sosiale lewe loop hand aan hand omdat my vriendinne ook perdry, maar daar is baie laat aande en vroeë oggende van leer en huiswerk doen sodat ek alles kan inpas.

**Wat is 'n interessante feit van jou wat niemand anders weet nie?**

**Tiaan** (tennis): Ek kan kitaar speel.

**Tania** (tennis): Ek is 'n adrenalienverslaafde.

**Angelé** (hokkie): Ek is glad nie 'n oggendmens nie!

**Waldo** (hokkie): Ek tree altyd eerste met my linkervoet op die veld.

**Tymicka** (perdry): Ek is die mooi helfte van 'n tweeling … my broer speel rugby, maar hy kan darem 'n bietjie perdry.

**Wat is jou toekomsplanne?**

**Tiaan** (tennis): Ek wil 'n professionele tennisspeler word.

**Tania** (tennis): Ek wil baie graag na skool in Amerika in 'n landbourigting, waarvan vlieënierswese ook deel vorm, gaan studeer.

**Angelé** (hokkie): Om die SA- o. 18 A-span te haal.

**Waldo** (hokkie): Ek wil graag vir Suid-Afrika hokkie speel.

**Tymicka** (perdry): Ek sal graag aan meer gevorderde *show jumping*, *eventing* en *equitation* wil deelneem. Ek sal ook op internasionale vlak aan perdry wil deelneem.




*Voor v.l.n.r.: Tymicka Grobler, Angelé Vogel, Waldo Brits,Tiaan Nelson, Tania Venter en Luane Smith*
*- Fotograaf: Vivienne Pio en Janneke Vahrmeijer -*

# Shôôôôôôt!!!

Lyné Steyn

As die laaste skoolklok aan die einde van die eerste kwartaal lui, hoor ek al die balle wat bons, die opgewonde geskree van al die ondersteuners en die lekker musiek wat oor die luidsprekers speel. Ja, dit spel: KLOFIE-NETBALFEES! Hierdie jaar se fees was die grootste nóg: amper 30 skole, nagenoeg 100 spanne en sowat 1000 netbalspelers van regoor die land en ook van Namibië het op ons bane kom meeding. Daar is ongeveer 600 wedstryde deur die loop van die toernooi gespeel en 'n astronomiese 17439 doele is aangeteken.

Die netbalfees bied elke jaar 'n geleentheid aan afrigters om voor die netbalseisoen afskop, spankombinasies en wedstrydtaktiek uit te toets. En dan is daar altyd 'n paar groot netbalname wat talent kom uitsnuffel. Hierdie jaar het die hoofafrigter van Maties, Zanele Mdondana, asook oud-Protea-speler en afrigter van die Proteas, Elize Kotze, kom kyk wie die kaatjie van die baan is. Elize het reeds op dag een 'n insiggewende werkswinkel aan al die skole se afrigters aangebied en het ook tydens die laaste paar dae van die toernooi vir sommige spanne van die kantlyn af raad gegee en probleme help uitstryk.

Hierdie jaar se kwaliteit netbal was definitief een vir die boeke, of is dit nou een vir die bane? Daar is niks soos toeskouers wat elkeen 'n opinie het oor die voetfout of kontak wat geblaas is, die gemeenskaplike kreun uit die pawiljoene as die hoofdoel 'n doel reg onder die paal misgooi, of die Klofie-seuns wat met elke Klofie-doel *shot!* skree nie. Elke dag het sy eie unieke stories opgelewer soos Vrydag, toe almal gedink het die fees gaan wéér uitreën. Saterdag was in sterk kontras met Vrydag, 'n helder sonskyndag, vol aksiebelaaide netbal en bloedrooi gebrande gesigte. Die Sondag is nou al sinoniem met 'n onvergeetlike pawiljoenkerkdiens met die bekende Retief Burger. Maandag was 'n laaste vol dag van wedstryde, spanbou en vaardighede inoefen.  Dinsdag is slegs 'n paar laaste rondtes afgehandel, waarna almal weer met moeë lywe, seer spiere en hier en daar 'n voet in 'n *moonboot* of hinkepink met 'n stel krukke, hulle pad na die busse moes vind om huiswaarts te keer. Glo my, daar is baie slaap op die busse huis toe ingehaal! Die kosbare herinneringe, hegter vriendskappe en selfs nuwe vriende wat gemaak is, is soos Panado vir 'n geskeurde ligament.

'n Mens kon deur die loop van die toernooi aanvoel hoe die spanne hegter raak en spangees bou, reg vir die nuwe netbalseisoen.  Luané Smith, ons eerstespankaptein, beaam dit en sê dat hulle span mekaar ook beter leer ken het en dat dit lekker was om te sien hoe al die Kloof-spanne mekaar se wedstryde ondersteun het. Haar woorde: "Die gees van die spanne en die ondersteuners maak 'n mens behoorlik trots om te sê dat jy 'n Klofie is!"  Die Eerstes het onder andere vriende gemaak met La Rochelle en selfs mekaar se wedstryde begin ondersteun. (Ek wonder net of hierdie nuwe vriende ook die begrafnis van die ontgroende junior eerstespanspelers se twee verlore klipbabas bygewoon het.)

Ja, die 2023-netbalfees was weereens 'n belewenis. Van die krieketveld, 'n reënboog van helderkleurige kosstalletjies, tot die opgewekte musiek wat jy tot in die ooste van Pretoria kon hoor doef-doef. Jy het werklik nie die fees beleef as jy nie ten minste een keer (of soos ek, vier keer) langs die baan deur 'n bal getref is nie, terwyl jy jou pad probeer vind het tussen tien bane vol aksiebelaaide netbal en 'n groep geesdriftige ondersteuners nie. Jy het dit ook nie beleef as jy nie gesmul het aan ten minste tien pannekoeke, 'n paar aartappelkrulle of 'n *Frank's Freezo* nie.

Een van ons nuwe gr. 8-spelers, Ilze van Niekerk, het haar eerste netbalfees baie geniet. In hulle span was daar snaakse momente, soos een geleentheid waar 'n los bal in ware sokkerstyl geskop is dat hy doer trek, eerder as om opgetel te word. Ons Druppel het, behalwe vir die gees en spanbou, ook die meer stemmige saambid-momente geniet. Sy sê: "Voor die Klofie-fees het ek nie baie in myself geglo nie. Tydens die Klofie-fees het die Here my so baie tekens gewys dat ek kán en dat ek in myself moet begin glo." Ja, by die Klofies bou ons selfs in geloof op die netbalbaan. Ek kan nie wag vir 2024 se fees nie! Dan gaan ek saam met die seuns "*shôôôôôôt!*" vir elke doel skree.



*Kloof-dogters*
*- Fotograaf: Matthys Greeff -*

# Kloof-rugby - meer as net drieë

Anica Ueckermann



*Hoërskool Waterkloof teen Die Hoërskool Menlopark*
*- Fotograaf: Deon Muller -*

'n Gespanne stilte vul die pawiljoen. Jean Jooste vang die bal en nader die doellyn. Met 'n flink beweging systap hy sy opponent se pogings om hom te plettervat. Nog tien meter ... vyf meter ... een meter. Die stilte word verbreek met die skril geblaas van die fluitjie en die toeskouers se luide applous na drie gedruk is.

Hierdie rugbyseisoen is deur 'n groot hoeveelheid oorwinnings gekenmerk en gevolglik lê Waterkloof tans vierde in die Noordvaal-toernooi. Die Klofies staan 'n goeie kans om die 2023-rugbyseisoen suksesvol af te sluit.

Die skool is deurentyd goed oor die rugbyuitslae op hoogte gehou. As jy een van die min leerders is wat die Klofiekletse lees, sal jy weekliks die resultate daarin vind, anders hou mnr. Denysschen al die Klofies tydens vierkantopeninge ingelig.

Die ongevraagde oproer tydens vierkantopeninge as reaksie op 'n verloortelling, getuig van die Klofies se geneigdheid om daarin vas te kyk. Die telbord vertel egter nie altyd die volle verhaal van die Klofie-rugbystryd nie. Die rugbyspelers is nie net die stereotipiese, proteïengepompte oefenverslaafdes nie. Agter elke oorwinning lê 'n hele seisoen se deursettingsvermoë en harde werk. Fisies en emosioneel ontwikkel Kloof se rugbyspelers in die beste weergawe van hulself - op die rugbyveld én in die lewe.

Die eerste rugbyspan (ook as juf. Mariska se gunstelingspan bekend) word gekenmerk aan hulle sportmangees en respek vir hulle spanmaats sowel as hulle opponente. Tydens die wedstryd teen Menlopark het Kloof se eerstes die beker met 'n telling van 37-6 huis toe gebring. Gedurende die seisoen het ons span, ongeag 'n wen of verloor, hulle sportmangees behou.

Baie skole kan van goeie rugbyresultate getuig, maar Waterkloof is een van die min skole wat kan getuig dat hulle span waarlik die leuse, "Bou in Geloof", op die rugbyveld uitoefen.

# Hokaai, ek speel hokkie
## #houkloofhokkiedop

Laureanne Geertsema

'n Mens hoef net na die Kloof-hokkiespelers in hulle wêreldklas-hokkiedrag te kyk om liries oor dié sport en die unieke sportmanne en -vroue te raak. Die suksesse van die seisoen word gereeld in die Klofieklets besing, en die aantal leerders wat in die Gauteng-Noordspanne opgeneem is, is werklik prysenswaardig.

Ons eerste hokkie-ode gaan aan die afrigters. Kloof is baie trots op ons afrigters – dit is duidelik waar die passie vir hokkie en die positiewe vegtersgees van die hokkiespelers vandaan kom. Baie geluk aan *coach* Anita Schmidt wat as die *Northerns*- o.16A-assistentafrigter aangestel is. *Coach* Marlie Pringle en *coach* Liza Meyer ken ook hulle storie en spog met onderskeidelik aanstellings as die o. 16D- en die o. 16E-afrigters van die *Northerns*-spanne. By die seuns is 'n staande ovasie aan die orde van die dag vir *coach* Polite Setloboko as die *Northerns*- o. 13A-afrigter sowel as die o.14 B-assistentafrigter. Laastens baie geluk aan *coach* Dean Lamprecht wat ook as 'n *Northerns*- o. 13A-afrigter aangestel is. Die Kloof-hokkieafrigters is beslis uit die boonste rakke!

Hoërskool Waterkloof spog ook met 'n gr.11-uitruilstudent van Ierland wat Klofie-hokkie letterlik op die telbord geplaas het. Milla Fulton, wat tydens haar besoek op verskeie geleenthede vir Waterkloof uitgedraf het, is in die o. 18-Ierlandspan opgeneem. Voorwaar 'n skitterende prestasie.

Die hokkiespelers kan maar breë bors rondloop as daar gekyk word na die talle oorwinnings wat behaal is. Beide die seun- en dogterspanne het van die opponente maar taamlik verleë op die hokkiebaan agtergelaat – welgedaan, Kloof. En dit is nie net as gevolg van briljante A- of B-spanne nie. Die Klofies het in hulle blou honderde opgedaag om hierdie jaar te kom hokkie speel. Die diepte in die C-spanne bewys dat Kloof-hokkie jaarliks met mening groei. Al die spanne het beslis bygedra tot 'n suksesvolle seisoen met trotse oomblikke wat vir altyd onthou sal word. Die hokkie-ondersteuners is nooit teleurgestel nie en daar sal nog lank van talle aksiebelaaide wedstryde gepraat word.





*Elaine Haycock en Waldo Brits*
*- Fotograaf: Ludi Vogel -*

# Tafeltennis slaan 'n kishou by Kloof

Dieter Stehle

Tafeltennis - 'n sport wat so populêr is dat daar ongeveer 300 miljoen professionele spelers regoor die wêreld is. Die huidige topspeler in die wêreld is Fan Zhendong van Sjina. Mense sê dat tafeltennis net 'n nabootsing van gewone tennis is, maar dit is baie meer ...

In 'n skoolwedstryd sal 'n speler een stel teen een opponent speel. Tafeltennis kan as 'n enkelspel (een speler per kant) of dubbelspel (twee spelers per kant) gespeel word. Die stel word gewen deur die speler wat eerste twee potte wen, met ander woorde die beste uit drie potte. In sommige wedstryde moet spelers die beste uit vyf potte speel. Om 'n pot te wen, moet 'n speler 11 punte behaal. In die geval waar spelers elk 10 punte het, eindig die pot eers wanneer een speler twee punte meer as sy opponent het. Elke speler in die span speel gewoonlik teen drie opponente van die ander skool. As dit vir jou vervelig klink, dan het jy nog nie 'n wedstryd by ons skool beleef nie!

By die Klofies bestaan ons A-span beslis uit topklasspelers. Hulle hou Waterkloof se naam hoog deur hulle beste tydens al die wedstryde te gee. Onder leiding van juf. Lené du Randt en die bekende tafeltennisafrigter, Zodwa Maphanga, wat die spelers raad gee en hulle nuwe tegnieke leer, is dit beslis 'n wenkombinasie. Dit is duidelik dat die tafeltennisleerders hulself gate uit geniet.

Reuben Matthéüs, trotse kaptein van die A-span, sê: "Tafeltennis is vir my spesiaal omdat dit 'n individuele sportsoort is. Jou sukses word nie deur 'n ander speler bepaal nie, maar net deur jouself en hoe hard jy bereid is om te werk. Dit is ook 'n sportsoort waar jy geestelik sterk moet wees en ook fisiese uithouvermoë nodig het. Die kompetisie tussen die Pretoria-skole was nog nooit sterker nie. Ek sien elke week na die wedstryde uit. Die Kloof-spelers is bereid om hard te werk en daar lê 'n blink toekoms vir Waterkloof se spanne voor. Ek het geen twyfel dat ons binne 'n paar jaar as ligawenners gekroon sal word nie."

'n Groot voordeel van die sportsoort is dat dit in klein spasies beoefen kan word én dat dit binnenshuis gespeel word. Daar is geen sportsoort wat so kompeterend, maar ook soveel pret is nie. Kom neem deel en wie weet, dalk is jy die volgende Fan Zhendong.



*JG Vlok*
*- Fotograaf: Keaan Viljoen -*